MIKROSKOOP

2020

MIKRO

WERK EN SKEP

Corona-uitgawe

REDAKSIE

Redaktrise:

Juf. Dalene Kirsten

Sub-redaktrise:

Juf. Kyla Orton

Verslaggewers:

Anri Malan
Marion Conradie
Kirsten Brown
Rozelle Buhr
Cindy Caine
Emma Smith
Juf. Renita Nieuwoudt
Juf. Natasha Marais
Juf. Stephanie van Wyk
Juf. Thea Visser

Uit die hoof se kantoor

C (K) - KREATIWITEIT:

By Mikro het die kreatiewe persone onder ons geblom. Vele projekte is met tonne kreatiwiteit aangepak en deurgevoer, ongeag die omstandighede. Dankie daarvoor.

O - OORDREWE:

Ons het ook agtergekom dat sommige mense alle inligting wat sedert einde Maart 2020 in die media versprei is, vir soetkoek opgeëet het. Oordrewe opinies is gevorm en verkondig. Die kinders by die skool het ons egter geleer dat die lewe eintlik eenvoudiger is as wat ons volwassenes dink. Dankie aan al die leerders.

R - RESPEK:

Almal by die skool het meer respek vir mekaar en elkeen se spasie begin toon. Dalk is dit beter om in die toekoms aan te hou om mekaar genoeg ruimte te gun - fisiese, sowel as emosionele ruimte. Dankie aan almal wat dit toegepas het.

O - OEPS!

Dit is "OK" om 'n fout te maak. Dit is "OK" om tydens so 'n omwenteling in 'n mens se lewe, 'n fout te maak, want niemand was vantevore in so 'n situasie nie. Dalk moet ons, ten spyte van ons omstandighede, aanvaar dat dit "OK" is om 'n fout te maak. Dankie aan almal wat in hierdie jaar die "OEPSE" verskoon het.

N - NEDERIGHEID:

COVID-19 het ons nederig gemaak. Dit het ook hier by die skool vir ons laat besef ons het baie om voor dankbaar te wees. Dit het ons nader aan ons Skepper gebring, want Hy het die skool in hierdie tyd geseën. Ons is Hom ewig dankbaar daarvoor.

A - AANPAS:

Die leerders van Laerskool Mikro is die ware helde van COVID-19. Hulle het baie vinnig aangepas, nuwe reëls gehoorsaam en hard gewerk om in te haal. Kom ons leer by hulle om ons nie deur enige groot verandering in ons lewens van koers af te laat dwing nie. Baie dankie aan elkeen van hulle.

Geniet hierdie Coronaskoop. Hopelik gaan daar nie gou weer so 'n Corona-uitgawe wees nie.

Onder die Mikroskoop



Boodskap vanaf die hoofdogter - deur Kirsten Brown

Wow, wie sou kon dink dat my laerskoolloopbaan só sou eindig! 2020, die jaar wat ons altyd sal bybly, het regtig nuwe uitdagings vir ons gebied. Dit was waarlik 'n voorreg vir my om hoofdogter te kon wees van Laerskool Mikro, al was 2020 nou wel nie soos wat ek dit wou gehad het nie. Ek klou maar vas aan al die herinneringe van die gebeure op sportvlak, konserte en ander sosiale geleenthede waarvan ek deel was by Mikro.

Vanaf dag een by Mikro het ek die waardes van hierdie skool ervaar en was dit net natuurlik vir my om dit deel van my lewenswyse te maak. Min het ek in Gr.R in 2013 geweet dat ek soveel sal groei as 'n individu. Ek onthou nog hoe ek as 'n klein en skaam (en vol trane) dogtertjie getroos was deur Juf. Annemarie Burger. Ek wil net baie dankie sê aan elke liewe personeellid van Mikro wat dit vir ons so maklik gemaak het om aan te pas in hierdie nuwe-normaal te midde van die COVID-19 pandemie. Die leiding van mnr. Mouton word hoog op prys gestel.

Baie dankie aan almal wat deel uitgemaak het van my opvoeding en die paadjie wat ek by Mikro gestap het. Ek sal dit altyd onthou en koester.



Boodskap vanaf die hoofseun - deur Luca Plekker

Ek het as graad tweetjie vir die eerste keer by Mikro ingestap en my lewe het daar vir altyd ten goede verander. Van daardie dag af was elke skooldag 'n positiewe en genotvolle ervaring! Ek is dankbaar vir elke geleentheid wat Mikro my gebied het, vir al die wonderlike vriende wat ek gemaak het en vir elke juffrou en meneer wat diep sporte in my opvoeding en vorming van my menswees getrap het. Ek is 'n beter persoon as gevolg van my tyd by Mikro. Ek sal Mikro, die onderwysers en my maats altyd in my hart saamdra. Die sport en afrigters sal altyd 'n groot deel van my bly en ek is dankbaar vir al die herinneringe wat ek opgebou het. Laerskool Mikro het en sal vir altyd 'n spesiale plek in my hart hê.

ONTMOET *die assistente*

Cornel Kotze
Gr. R.2 & Gr. R.3

Waar was jy op skool?
Ek was in Laerskool Bastion en in Hoërskool Brackenfell.

Wat is jou gunsteling kleur en liedjie?
Beslis rooi en my gunsteling liedjie is Dance Monkey!



Watter kos eet jy glad nie?
Ek eet glad nie gluten of suiwelprodukte nie.

Hoekom het jy onderwys as beroep gekies?
Ek het 'n groot liefde om met kinders te werk en om hulle te help met die dinge waarmee ek in die lewe gesukkel het.

Liane Noordman
Gr. R.1 & Gr. R.4

Wanneer het jy by Mikro aangesluit?
In Februarie, 2020.



Watter vak was jou gunsteling op skool?
Kuns ontwerp

Wat is jou gunsteling kleur?
Lemmetjie groen!

Wat het jy by jou onderwysers geleer?
Om myself te wees en net aan te hou probeer wanneer tye moeilik is.



Marianne Verster
Gr.1/ Aflos Gr.1.2

Waar was jy op skool?
Vanaf Gr.1—3 was ek in Laerskool Universitas, Bloemfontein. Toe trek ons Somerset-Wes toe waar ek in Laerskool De Hoop en toe in Hoër Meisieskool Bloemhof was.

Wat is jou gunsteling televisieprogram?
Dit was "Fynskrif", maar dit het ongelukkig klaargemaak. Ek sal "Friends" oor en oor kan kyk en nie moeg raak daarvan nie!

Waarom het jy onderwys as loopbaan gekies?
Al die jare het my familie gesê ek moet met kinders werk, maar ek wou nie luister nie en wou in 'n kunsrigting ingaan. In my tweede jaar van grafiese ontwerp het ek besef dat dit nie ek is nie en besef dat onderwys eintlik my roeping is.

Mari Willemse
Gr. 1.2 & Gr.1.4

Waar was jy op skool?
Ek was in Laerskool Mikro en in Hoërskool Bloemhof op skool.

Wat is jou gunsteling kleur?
My gunsteling kleur is ligte pienk.

Wat het jy by jou onderwysers geleer?
Ek wil graag vir kinders help leer en ontwikkel. Ek wil graag daar wees vir hulle indien hulle hulp benodig met enige iets — of dit nou oor skool of selfs enige iets buite die skool is!



Alexia Smit
Gr.1.1 & Gr.1.3

Waar was jy op skool?
Laerskool en Hoërskool Brackenfell.

Wat is jou gunsteling kleur?
“Blush” pienk!

Hoekom het jy onderwys as ‘n loopbaan gekies?
Dit is beslis ‘n roeping.

Wat is jou gunsteling liedjie?
"Don't stop believing" - Journey



Lindie Niemand
Gr.2.1 & Gr.2.2

Wat is jou gunsteling kleur?
Ek kan nooit kies tussen groen of blou nie.

Watter kos eet jy glad nie?
O gaats, mossels of kreef is nou nie vir my nie!

Hoekom het jy onderwys as ‘n loopbaan gekies?
Ek was nog altyd baie lief vir kinders en het altyd geweet ek wou met kinders werk, maar ek het nooit my passie gevolg nie en het eerder na skool met wildediere op natuurreservate in Limpopo gaan werk. Na 5 jaar se werk met wilde diere, wou ek steeds met kinders werk! My passie vir kinders was altyd daar en ek moes dit volg.

Chané Coetzee
Gr. 2.3 & Gr.2.4

Wat is jou gunsteling vakke?
Besigheidstudie en RTT.

In watter skool was jy?
Paarl Gimnasium

Wat is jou gunsteling liedjie?
"Die Hart" van Bernice West.

Hoekom het jy onderwys as 'n loopbaan gekies?
Ek hou baie van sport en kinders. By 'n skool kan ek met kinders werk en sport afrig — daarom het ek onderwys as loopbaan gekies!

Kayla van Deventer
Gr. 3.1 & Gr. 3.2

Waar was jy op skool?
Laerskool Bellville-Noord en Hoërskool Bellville.

Wat is jou gunsteling kleur?
Baba blou

Wat was jou gunsteling vak tydens jou studies?
Beslis Sielkunde

Hoekom het jy onderwys as 'n loopbaan gekies?
Ek is baie lief vir kinders en wil hulle altyd help. Met hierdie beroep kan ek dus my drome uitleef!

Dorette Taljaard
Gr. 3.3 & Gr. 3.4

Deur wie studeer jy tans?
Ek het 'n nasionale diploma in Toerisme, wat ek verwerf het aan Boland Kollege Stellenbosch en is tans 'n finale onderwysstudent aan Unisa.

Watter kos eet jy glad nie?
Ek hou niks van afval nie, ek dink dis die reuk wat my die meeste afsit!

Wat het jy by jou onderwysers geleer?
Tydens my hoërskooldae was daar 'n baie bekende frase waarna die onderwysers gedurig verwys het wat my altyd sal bybly: "Carpe Diem" - gryp die dag aan. Niemand is die dag van môre gewaarborg nie en daarom moet ons elke dag voluit leef!

Lindi Jacobs
Gr. 4.2 & Gr. 4.3

Waar studeer jy tans?
Ek het klaar my graad en is tans besig met my honneurs deur NWU.

Wat eet jy glad nie?
Piesang, afval en quiche.

Wat is jou gunsteling televisie-program?
Ek hou van Binnelanders, Chicago Med, Chicago Fire, Chicago PD, Gossip Girl en Vampire Diaries.

Wat het jy by jou onderwysers geleer?
Om geduld te hê, om altyd te help en om te luister na die kinders en uit te reik na hulle.

Ilca Woest
Gr.4.1 & Gr.4.4

Wat is jou gunsteling liedjie?
Soos bloed - Theuns Jordaan.

Waar was jy op skool?
Laerskool de Tyger en Hoërskool Tygerberg

Watter kos eet jy glad nie?
Vleis

Hoekom het jy onderwys as loopbaan gekies?
Kinders lê my baie na aan die hart. Ek wil 'n verskil in 'n kind se lewe maak en onderwys is die speelgrond waar jy dit kan doen. Hulle leer my ook om met ander oë na die lewe te kyk en ek leer elke dag iets by hulle!

Marne Nieuwoudt
Gr. 5.1 & Gr.5.2

Waar was jy op skool?
Ek was in Laerskool Calvinia (Noord-Kaap) tot en met Gr. 6, toe trek ons Durbanville toe. Ek het my hoerskoolloopbaan by HS Durbanville voltooi.

Watter kos eet jy glad nie?
Advokaopeer, komkommer, blaarslaai, spinasie—alles wat groen is!

Hoekom het jy onderwys as loopbaan gekies?
Ek het op 'n baie laat stadium in my lewe onderwys begin studeer, nadat ek vir ag jaar vir 'n korporatiewe maatskappy gewerk het. Ek het besef ek wil 'n verskil maak in mense se lewens en het besluit onderwys is die plek waar ek dit wil doen.

Wilmi Gillespi
Gr.5.3 & Gr.5.4

Deur wie studeer jy?
Ek studeer tans deur Noord-Wes Universiteit.

Wat is jou gunsteling televisieprogram?
My gunsteling program is "The Big Bang theory". "Bazinga!"

Hoekom het jy onderwys as loopbaan gekies?
Daar is 'n groot behoefte vir hoop, motivering en bemoediging in jong mense se lewens. Almal het iemand nodig wat in hulle glo en nooit ophou om hulle te ondersteun nie. Ek het onderwys as loopbaan gekies om deel te wees van hierdie unieke proses en geniet dit om te sien hoe leerders hulle vlerke sprei en doelwitte bereik.

Liané Erasmus
Kuns-assistent

Wat is jou gunsteling kleur?
Ek is versot op mosterd geel, maar daar is eintlik nie 'n kleur waarvan ek nie hou nie!

Wat is jou gunsteling vak?
Ek was MAL oor kuns, geskiedenis en biologie. Ek wou graag 'n dokter geword het, maar ek is tragies in wiskunde.

Wat het jy by jou onderwyser geleer?
Die eerste dag toe ek by die skool gekom het, was ek gevra om wolke vir die Jongtongfees te verf. Ek was so senuweeagtig, maar juf. Suzanne het my so gemaklik laat voel! Ek het geleer om nie my lesse te oordink nie en dinge te vereenvoudig vir die leerders.

Die volgende assistente verlaat ons aan die einde van 2020: Liane Noordman, Cornel Kotze, Lindie Niemand, Kayla van Deventer, Lindi Jacobs, Wilmi Gillespie & Liané Erasmus. Baie dankie vir al julle harde werk en voorspoed vir die toekoms.

GRAAD 1

Hoe lyk die Coronavirus?

GR.1.1



Lené Keet

Lené van Zyl



Nikita Fredericks

Takishca Aries

GR.1.2



Nicola Swift

Nina Wassüng



Isabelle Jacobsz



Danelle Smuts

GR.1.3



Werner du Plessis



Gabby du Plessis



Peyton Burns



Ruben Fourie

GR.1.4



Daniël Oosthuizen



Charlotte Uys

Armand Heydenrych



Kiara Bode

GRAAD 7

Watter superhero wil ek wees om COVID-19 te beveg en hoekom?

Luca Plekker Gr.7.1 - Covid-defender: Hy maak almal met sy aanraking gesond en hy kan nie siek word nie.
Nina Knoetzen Gr.7.1 - Captain America: Hy moedig almal aan om weg van mekaar af te bly.
Cindy Caine Gr. 7.1 - Elsa "Frozen": Sy kan almal se koors laer maak.
Marion Conradie Gr. 7.1 - Violet "Incredibles": Sy kan "invisible" raak en die virus gryp sonder dat hy agterkom.
Amelia de Villiers Gr. 7.1 - Antman: Hy kan so klein krimp soos die Covid-kiem en met een van sy wapens die virus laat ontplof!
Ben van Wyk Gr.7.1 - Doctor Strange: Hy kan teruggaan in tyd en die virus stop voordat dit versprei.
Ethan Kondowe Gr. 7.1 - Tony Stark: Met sy hoë IK kan hy 'n entstof vir die virus kry.
Melanie Schalkwyk Gr. 7.1 - "Batgirl": Sy kan vinnig beweeg en higiëniese bomme maak (wat mense nie beskadig nie) en die Coronavirus vernietig.
Annica Strydom Gr. 7.2 - Miraculous Ladybug: Sy kan haar yo-yo gebruik om hulle te vang en dood te maak
Trudi-Lee Holloway Gr. 7.2 - Virus-girl: Om die Coronavirus met seep en saniteerder te beveg.
Zoë Ludick Gr. 7.2 - She-Hulk: Om almal te red, want sy is sterk en slim!
Zac Theron Gr.7.3 - Thor: Hy kan die virus uit jou uit skok!
Suné Strydom Gr.7.3 - Spiderman: Hy kan saniteerder uit sy hande skiet en die kiem vernietig.
Liandri Groenewald Gr.7.3 - The Mask: Met 'n masker gewapen, sal die Corona-partikels nie oorleef nie.
Anzel Coetzee Gr.7.3 - Bakteriesa: Om saniteerder te gebruik, wat die bakterieë in 'n sekond sal doodmaak.
Bea Mostert Gr. 7.3 - Ironman: Om 'n goeie entstof vir COVID te ontwikkel deur middel van tegnologie.
Kiara du Toit Gr.7.3 - Superhero van tyd: Om terug te gaan in tyd en om vir China te sê om nie vreemde kosse te eet nie.
Zanelle Erasmus Gr.7.3 - "Healer": Om mense gesond te maak en te help!
Robert Pistorius Gr.7.4 - Robin Hood: Om die virus te gooi met my boemerang.
Rochelle Louw Gr.7.4 - Wonder Woman: Om almal te motiveer wat se selfbeeld verswak het tydens die grendeltydperk om positief te bly en nie op te gee nie!
Kirsten Brown Gr.7.4 - Batgirl: Om in die lug te vlieg en so kontak met ander te verminder.
Jeanique van Wyk Gr.7.4 - Supergirl: Sy kan die virus vries en doodmaak.
Kaira Visser Gr.7.4 - Wonder Woman: Om ons land te help om COVID-19 te beveg en om mense gesond te maak, want sy het superkragte!
Dillon Duminey Gr.7.4 - Superman: Om die Coronakiem met sy oë weg te laser.
Logan Fredericks Gr.7.4 - Black Panther: Hy is baie sterk en sal die virus kan beveg!



LEERDERRAAD 2020

Wat sal jy saam met jou dra/neem van Laerskool Mikro?

Luca Plekker: Ek sal altyd die vyf waardes van Mikro saamneem: Mededeelsaamheid, Integriteit, Kreatiwiteit, Respek en Omgee.

Megan de Beer: Mikro, die skool wat gehelp het om die grondslag te lê waarop ek my toekoms gaan bou, 'n stewige fondament met goeie waardes en mooi herinneringe.

Kirsten Brown: Mikro se leuse van "Werk en Skep" is 'n rigtingwyser vir my. Harde werk sal verseker dat geleenthede geskep word.

Anke Louw: Liefde. Die liefde wat hulle vir my gegee het die dag toe ek by graad R ingestap het. Die liefde wat hulle vir my gegee het toe ek seer gehad het.

Ben van Wyk: Al die waardes van Laerskool Mikro.

Danielle Bisschoff: Mikro was nie net vir my 'n skool nie, dit was my tweede huis!

Dihan Hugo: Colour runsticle & Mikro marathon!

Janno Jonas: Vriendskappe wat ek gemaak het en om Mikro te verteenwoordig op die sportveld.

Kaira Visser: Vriende, onderwysers, sport, akademie, atletiek, pretdae en die leerderraad.

Mischa Hough: Omgee-onderwysers, waardes en my vriende.

Khian van der Boon: Dit is werklik 'n skool waar kind nog kind kan wees. Ek sal Mikro onthou as 'n omgee skool, waar onderwysers die ekstra myl sal stap!

Wat is jou gunsteling herinneringe van jou jare by Laerskool Mikro?

Ruhan Smuts: Handjietennis, pouses, Coach Carla se oefeninge, wiskunde by Mnr. Jaco en om onderhoofseun te kon wees.

Laurence Müller: Hartenbos sportnaweke, rugby en samesyn saam met my vriende.

Marion Conradie: Boekeweek in graad 6, MikroMik en die SOS-kamp.

Zoë Ludick: SOS-kamp, pretbraai, Hartenbostoere en sport!

Rozelle Buhr: Die karnaval, pouses se handjietennis en pouses se praatjies met die onderwysers wat aan diens is.

Ethan Kondowe: Die leerderraadkamp!

Reinhardt Wait: SOS-kamp en "lockdown" 2020 #wantekkanlekkerlaatslaap

Liam Hendricks: Beslis die gesinsbraai! Die hokkiewedstryde was baie pret. Die deelname aan Top Schools 2019 was ook 'n goeie ervaring!

Keanté Korkie: Die rol as Baba-beer in prinses Sukhanaam.

Derik du Preez: Toe ons 0/11A-span in 2018 vir Eikestad gewen het!

Bea Mostert: Beslis Mikro se onderwysers!

Ruald Coetzee: Markdae en gesinsbraaie!

Emma Smith: My gr. 3 jaar by Juf. Thea was vir my baie spesiaal gewees! Veral haar weergawe van Suikerbossie.

SPORT

Megan de Beer tuimel deur die lug

– deur Cindy Caine

In watter item het jy presteer?

Tuimel

By watter byeenkoms het jy die prestasie behaal?

Streek 5, (dis waar die top-5 gimnaste per land teen mekaar deelneem). Die volgende lande het deelgeneem: Suid-Afrika, Zimbabwe, Namibië, Swaziland en Lesotho.

Hoeveelste plek het jy verwerf ?

Eerste plek

Het jy aan enige ander items deelgeneem?

Ja, ek doen ook artistiese gimnastiek, maar was net gekies om deel te neem aan die Tuimel Streek 5-byeenkoms.

Het jy enige stresvolle oomblikke beleef tydens die byeenkoms?

Ja, tydens tuimelkompetisies is almal, die beoordelaars, sowel as toeskouers, se oë op jou alleen gefokus. My grootste kompetisie was ook van die Wes-Kaap en ons het teen mekaar deelgeneem. Die vlinders in jou maag, almal se oë op jou en die wete; al is jy hoe goed, een tuimel te veel, een tree terug of vorentoe omdat jy dalk jou balans verloor, is letterlik die verskil tussen wen en verloor. Die uitslae is ook nie bekend tot en met die prysuitdeling, reg aan die einde van die dag nie. Die gevoel wanneer die volkslied speel, maak al die stres en ure se lang oefening egter die moeite werd.

Emma Johnson skaats dat die ys spat!

Die “Syncro”-figuurskaatsspan waarvan Emma Johnson ‘n lid is, het tydens die afgelope kompetisie goud verower en gekwalifiseer vir internasionale deelname. Sy het ‘n 12de plek met haar soloskaats verower en sodoende haar beste punte van die seisoen behaal. Emma het by herhaling vir die nasionale span, wat gedurende April in Durban gaan deelneem, gekwalifiseer.

Ma en seun OGGEND

Saterdag, 7 Februarie 2020, sal altyd uitstaan as ‘n suksesvolle, opwindende en eerste van vele geleenthede. Die ma’s en seuns, geklee in cowboy-uitrustings, is al van 07:00 af verwelkom met ‘n heerlike ontbytpakkie en Patriot-koffie. Hul kon by ‘n lang tafel onder die akkerbome aansit en ‘n heerlike ontbyt-kuiertjie geniet. Tyan Odendal, ‘n oud-leerder en lid van die Vanilla-sanggroep, het nadat mnr. Mouton almal verwelkom het, die seuns aangemoedig en gemotiveer om hul ma’s te waardeer en die saamwees te koester. Dit was ook baie spesiaal toe hy sy kitaar uithaal en sing!

Letitia Willemse, ‘n oud-ouer en borg van die dag, het weer die ma’s gemotiveer om altyd so betrokke te bly by hul seuns se aktiwiteite. En toe begin die "sports"!! ‘n Verskeidenheid speletjies het gesorg vir baie pret en lag! Die aktiwiteite wat beslis uitgestaan het, was die bulritte en die lyndans waarmee die onvergeetlike oggend afgesluit is. Die koue waatlemoen was ‘n verfrissende lafenis op die warm Februariedag. Hierdie was beslis ‘n dag om te onthou!

– deur juf. Thea Visser

Pretbraai 2020

In Februarie vanjaar het ons tradisionele gesinsbraai ‘n nuwe baadjie aangetrek. Dit was ‘n middag/aand van vele aktiwiteite vir jonk en oud. Hierdie ken-mekaar-sessie was beslis een vir die boeke. Die middag het afgeskop met speletjies in die saal en in die vierkant. Die onderwysers het vieruur gereed gestaan met hul speletjies en stophorlosies en die jolyt het dadelik begin. Daar was ‘n paar immergewilde tradisionele speletjies soos kussinggeveg en vissievang, maar ook die bekende "minute-to-win-it" speletjies het groot vermaak verskaf. Daar was natuurlik ook maats wat mekaar vriendelik uitgedaag het om te kyk wie die beste telling kon kry in een minuut.

Die spookhuis was beslis ‘n treffer vir oud en jonk en die ry het by die saaldeur uitgestaan. Die spoke moes behoorlik bontstaan om voor te bly met al die besoekers, veral tydens die laaste uur toe die ouers ook die spookhuis kon besoek. Die mammas en pappas kon lekker kuier rondom die braaivleisvure. Vir diegene wat nie wou braai nie was daar heerlike wegneemkos beskikbaar. Die biertent was ook ‘n gewilde pitstop vir die ouers en ou vriendskapsbande is weer opgetel tewyl die kroegmanne gesweet het agter die toonbank. Selfs die skoolhoof moes inspring om te help en hy het sy moue opgerol en glase gewas dat die skuim spat.

Hierdie jaarlikse geleentheid is ook ‘n kans vir oud-leerders om weer op te vang met hul maats. Stories oor verskillende hoërskole en nuwe vriende is uitgeruil en baie selfies is geneem. Die aand is afgesluit met nog ‘n eerste vir Mikro – ‘n sokkie in die skoolsaal! Meneer Johandré het die voete laat jeuk met sy speellys en almal het behoorlik geskoffel. Van klein tot groot het saam gelangarm en gefloss tot die bittereinde. Dit was beslis ‘n aand vol pret vir ons Mikro-maats!

– deur juf. Renita Nieuwoudt

IT-EKSPO

Op Dinsdag, 18 Februarie 2020 en Woensdag, 19 Februarie 2020 het Laerskool Mikro hul eerste IT-Ekspo aangebied. Oor die afgelope twee jaar het die skool vooruitgang getoon op die gebied van Inligtingstegnologie en wou dit graag met ander skole en uitstallers deel.

Die hooforganiseerder was me Stephanie van Wyk en heelwat personeellede het haar ondersteun. Dit wat die skool onlangs in plek gekry het, se grondslag is reeds in 1998 gelê, toe die huidige adjunkhoof, mnr. Nico Siebrits, die visie gehad het om te begin om aandag te skenk aan die gebruik van rekenaars in die onderrigproses. Hy het dit gedoen deur ‘n funksionele inligtingsentrum te vestig en die voorsiening van hulpbronne aan onderwysers en leerders om optimaal in die klas te kan funksioneer. Oor jare is heelwat uitbreidings gedoen, totdat daar verlede jaar ‘n STEM-klas (“Science Technology, Enigineering and Mathematics”) ingerig is. Die STEM-klas bied die geleentheid om inhoude op ‘n anderse manier aan die leerders bloot te stel.

Verskeie skole en ag uitstallers het die Ekspo bygewoon. Personeellede van Mikro het self sessies by die Ekspo aangebied om die rol wat inligtingstegnologie in die klaskamer speel, te demonstreer. Microsoft is deur Elsabé Hart en Charmaine Cowell by die Ekspo verteenwoordig. Elsabé het die openingstoespraak gelewer en het ook die skool gelukgewens met die inisiatief en wat die skool met relatief min hulpbronne al kon bereik. Die plaaslike WKOD Onderwys Distrikskantoor is deur me Elmarie Petersen, Marie Engelbrecht, Lucille Petersen en mnre. Leonard Africa en Vernon Koen by die Ekspo verteenwoordig. Hulle het die skool bedank vir die inisiatief en aangemoedig om soortgelyke geleenthede te skep om ander skole te bemagtig, in dit wat hulle “die toekoms” noem (met verwysing na die rol van IT in die onderrigproses).
Positiewe terugvoer van besoekende skole het bewys dat daar ‘n behoefte is na sulke geleenthede om vir skole die geleentheid te bied om by mekaar te leer. Mikro se IT-komitee is reeds besig met beplanning vir verdere IT-uitbreidings en moontlike toekomstige IT-Ekspo’s.

– deur juf. Stephanie van Wyk

GRENDELWOLK HET WEL

'n silwerrandjie

Met die aanbreek van 2020 het die redenaarsleerders weggespring en skouer aan die wiel gesit en hard geoefen aan hul voorbereide toesprake. Te midde van 'n tyd waarin buitemuurse aktiwiteite tot 'n stilstand gedwing is, het die redenaarsleerders gedoen wat moontlik was om steeds tydens die grendeltydperk hulle talente te ontgin.

Hulle het verskeie aanlynkompetisies gebruik om hul redenaarsvermoë op die proef te stel. Elke kompetisie het hulle unieke voorskrifte en uitdagings gehad waaraan elk van die leerders moes voldoen.

Oppie Tong Af se kompetisie het kreatiewe planne gemaak en die formaat van hulle kompetisie aangepas sodat leerders steeds in die grendeltyd kans kon kry om wel hulle toesprake te lewer.

Hierdie formaat het 'n unieke werkswyse aangevat, aangesien die leerders hulle toesprake d.m.v. 'n lewendige aanbieding via die internet moes lewer. Geen opnames was gemaak nie; die leerders moes inskakel op 'n kanaal en hulle toesprake direk lewer - waar die beoordelaars en belangstellendes kon inluister. Daar was wel vyf leerders van Mikro wat kans gesien het vir dié proses - Zoë Boer 84%, Mickey Muller 85%, Faith Boer 86&, Christine Kingsley 87% & William Graham 89,3%.

Die ATKV het ook aanpassings gemaak aan hulle formaat met die bekendstelling van ATKV-Digipraat. Die leerders het hierdie platform ontvang waar hulle in Afrikaans kon wys wat in hulle steek! Hulle kon in die gerief van hul huise die toesprake opneem en dan instuur. Elke individu het die geleentheid ontvang om hul eie onderwerp te kies en dan inligting oor te dra, te motiveer, te oorreed of te vermaak. Twee van ons leerders het aan die kompetisie deelgeneem. William Graham verower 'n A+ en Zea Plekker A++.

Podiumpret het dieselfde werkwyse gebruik deur gebruik te maak van opnames van leerders se toesprake wat ingestuur moes word. Opleidingsvideo's was beskikbaar wat gedien het as ondersteuining vir die proses. Daar was vyf leerders van Mikro wat deelgeneem het aan die aanlynkompetisie. Faith Boer 84,5%, Zea Plekker 86%, Christine Kingsley 79,5%, Carla Hattingh 85% en William Graham 90,5%.

Gedurende die afgelope Podiumpret eFinaal het die volgende sprekers van LS Mikro as volg presteer:
Zoë Boer (gr. 2 - silwer), Zea Plekker (gr. 5 - goud), Faith Boer (gr. 5 - silwer), Christine Kingsley (gr. 5 - goud), William Graham (gr. 6 - goud) , Carla Hattingh (gr. 6 - goud).

HIerdie was beslis 'n leerskool vir elke individu, asook hul ouers wat hulle deur die hele proses ondersteun het. Ons is baie trots op hierdie inspirerende Mikro-leerders wat op eie stoom bly presteer het in hierdie onsekere tye.

Podium pret

ON THE TIP OF YOUR TONGUE
OPPIE TONG AF
REDENAARS • PUBLIC SPEAKING

– deur juf. Natasha Marais

Leerders wat omgee

FLIP-FLOP DAG - deur Anri Malan

EK DRA HIERDIE BERIG OP AAN TWEE VAN MY MAATS WAT OORLEDE IS AAN KANKER, NL. ZANÉ WELMAN EN LIENKA LOUW.

Ons skool is erg getraumatiseer weens die feit dat drie van ons maats in 'n kwessie van 'n jaar, kanker gekry het. Om fondse in te samel vir kanker - en veral kinderkanker - lê my baie na aan die hart; ek doen dit al vandat ek ag jaar oud is!

Toe my ma my vertel van die Flip-flop dag wat tannie Lynette-hulle van CHOC adverteer, het ek dadelik gesê ek wil graag hê dat ons skool ook moet deelneem, aangesien nog een van ons maats, Rudie, die stryd teen kanker stry.

Ek het 'n afspraak met mnr. Mouton gemaak en gevra of ons kan deel uitmaak van die projek om fondse in te samel. Kinders kon 'n plakker teen R10 koop en dan die 15de Februarie plakkies en 'n Flip-flop plakker dra saam met hul skoolklere. Mnr. Mouton het baie van die idee gehou en dit goedgekeur!

Dit is aangenaam om te sê dat meeste van die kinders en onderwysers in ons skool deelgeneem het. Dit is ook met groot dankbaarheid dat ek kan sê dat Laerskool Mikro meer as R10 000 ingesamel het (die meeste mense in die Wes-Kaap)! Ek is trots om te sê dat ons skool kan saamstaan en help met 'n besonderse projek soos dié.

GRASGROEN VIR RUDIE

Laerskool Mikro het op die 17de en 18de September 2020 "groen" geraak ter ondersteuning van die graad 7-leerder, Rudie Keyser, by wie einde verlede jaar 'n seldsame kanker genaamd Langerhans-sel-histiositose gediagnoseer is. Met die "grasgroen vir Rudie"-projek kon leerders vir R20 met groen klere skool toe kom. DIe geld is ingesamel om Rudie se gesin met die koste van sy behandeling te ondersteun.

Die geleentheid is oor twee dae gehou omdat net die helfte van die leerders tans daagliks by die skool mag wees ingevolge COVID-19-regulasies.

Die idee het ontstaan tydens 'n gebedsamekoms by die Tygerberg hospitaal op 10 Augustus, waartydens groen balonne met gebede vir Rudie losgelaat is.

Jomandé (Rudie se ma) sê die kleur groen dui op lewe en 'n nuwe begin. "Groen is hoop. En soos Rudie sê: 'daar is altyd hoop.'"

Ons groet ...

MNR. HEINRICH HAGGARD
GR. 7.4

2009 - 2020

Hoekom het Meneer onderwys as beroep gekies en hoe lank was Meneer by Mikro?

Ek het onderwys gekies omdat ek dit sien as 'n geleentheid wat God my gegee het om my talente te gebruik om 'n positiewe verskil in jong mense se lewens te maak. Ek gee vanaf 2009 skool by Laerskool Mikro. Dit is dus my 11de jaar hier.

Wat is Meneer se verborge talente en wat sal almal verbaas wees om uit te vind oor Meneer?

Um, ek dink nie ek het enige verborge talente nie. Ek is maar 'n gewone ou. Iets wat sommige mense nie weet nie is dat ek dromme speel in ons kerk se orkes.

Watter boek, fliek en kos sal Meneer geniet as u alleen op 'n eiland is?

Boek: Eddie Jones (My life and rugby), Fliek: Remember the Titans, Kos: Enige iets wat juffrou Esté maak.

Wat was die grootste aanpassing toe Lisa haar opwagting gemaak het?

Om 03:30 op te staan in die winter terwyl ek lekker snoesig in my bed lê.

In watter ander Mikro onderwyser se klas sou Meneer graag as leerder wou wees en hoekom?

Ek sou beslis in mnr. Siebrits se klas wou wees. Hy het soveel wysheid en kennis wat hy met jou kan deel.

Was dit 'n uitdaging toe meneer en Juffrou Esté op dieselfde personeel gedien het? Hoekom?

Glad nie! Ons was bevoorreg om op dieselfde dae sport, funksies en vergaderings te hê. Dit was ongelooflik lekker om haar elke pouse te kan sien en om te weet dat sy net 'n paar klasse van my af is. Ek gaan dit beslis mis!

As u enige wysheid aan die leerders kon oordra wat sal dit wees?

Moenie dat jou omstandighede bepaal wie jy is en wie jy word nie. God het 'n blink plan met julle elkeen en ek kan nie wag om te sien hoe God julle vorm en gebruik nie. Hou vas aan Hom, want sy liefde vir jou sal nooit verander nie!

Wat van Laerskool Mikro gaan Meneer die meeste mis?

Sjoe, daar is so baie: die sport, die gr. 7-leerders, mnr. Dennis se grappe... Maar ek dink wat ek die meeste sal mis is die personeel. Dit was nie net mense saam met wie ek gewerk het nie, maar 'n familie. Hulle elkeen het 'n spesiale plek in my hart. Veral die juffrou in 1.1!

– deur Kirsten Brown

MNR. SIEBRITS

TREE AF! Gr.7.1

Was onderwys meneer se eerste beroepskeuse en hoekom/hoekom nie?

Ja, ek kon my uitleef op vele terreine, onder andere ook in my studiejare op sportgebied. Het jy geweet ek was die 1ste groep in H/S De Kuilen wat erekleure verkry het met volgroen baadjies. (1ste span in rugby, krieket, tennis en 'n spoedvraat in die 100m?)

Watter eienskappe besit meneer wat maak dat meneer so 'n goeie onderwyser en adjunkhoof is?

Jy moet omgee vir kinders se welsyn, dan verstaan jy hul behoeftes beter sodat jy 'n groter bydrae kan lewer in hul vormingsjare. As adjunkhoof moet jy verstaan dat die posisie wat jy beklee een is van verstaan wat orals in die skool aangaan en dan 'n goeie klankbord te wees vir jou skoolhoof en personeel.

Wat is die snaaksste ding wat 'n Mikro-leerder al aangevang het in meneer se graad 7- klas?

Ek moes uitbeweeg om iets te gaan doen en een van die klasmaats het, ten spyte van die waarskuwing om nie uit hul banke te beweeg nie, op 'n piesangskil gegly en sy kop oopgekap met die vallery. Almal het agterna lekker daaroor gelag, maar dit kon katastrofies gewees het.

Meneer gee al onderwys by Mikro sedert 1991, so wat gaan meneer die heel meeste mis van Laerskool Mikro as meneer aftree?

Ongetwyfeld die personeel met hul snaaksighede en die lekker dae tydens die skoolkonserte. Tydens een van die optredes, het ons die voorreg gehad om die skoolkonsert na die Kunstekaap-teater te neem. Ek was verantwoordelik vir die klank, maar daar het snaakse goed gebeur. Moet nie die sporttoere vergeet nie, veral die keer toe die kinders die skoolbussie met sy waentjie teen die Robinsonpas uitgestoot het van 5-uur die middag tot 7-uur die aand omdat ons nie sein gehad het om te bel vir hulp nie. Ag, daar is so baie lekker goed wat ons gedoen het soos die seilboot wat amper omgeslaan het en water geskep het in die Kaapse hawe. Ons het dit agterna met foto's in die personeelkamer weer herbeleef en dit was amper nie lekker nie.

As meneer net een hoogtepunt kan kies van meneer se jare by Laerskool Mikro, wat sal dit wees?

Daar was soveel hoogtepunte , maar om die Inligtingsentrum die hart van die skool te maak vanaf 1991 en die uitbreidings in veral 1998 soos hy nou lyk en dan in 2018 met die STEM-lokaal wat bygekom het, sal ek wil sien as hoogtepunte. Julle moet onthou dat hierdie hoogtepunte gepaard gegaan het met mense wat moet glo in jou drome en personeel wat dit bestuur tot voordeel van die leerders van Laerskool Mikro.

Het meneer enige stokperdjies en wat is dit?

Ek hou daarvan om my tyd in die natuur te verwyl en dan veral in die laaste paar jaar saam met Henriette, my vrou, met fotografie. Jy leer soveel meer van ander mense en hul waardering teenoor die wonderlike dierelewe op ons planeet.

Wat is meneer se planne vir na aftrede en watter plekke wil meneer nog graag besoek?

Ons land en die buurlande sal seker deel van my lewenswyse wees as ek gespaar bly om te toer. Afrika as kontinent is nog deel van die ongereptheid en Midde-Afrika met sy wildtuine bly vir my fassinerend.

Watter boodskap sal meneer vir ons leerders wil gee wat hulle saam met hulle kan dra?

Eer jul vaders en moeders en jy sal soveel gelukkiger wees. Moenie die lewe te ingewikkeld maak nie. Droom groot en geniet elke geleentheid wat vir jou aangebied word. Glo in jou Skepper, want deur Hom ontvang jy genade om jou aardse lewe te voltooi. Wees net jouself, want jy is uniek!

– deur Rozelle Buhr

JUF. RIALENE VAN ROOYEN

TREE AF!

GR.5.4

Waar het juffrou se loopbaan begin en hoe lank was juffrou by Mikro betrokke?

Ek het in Warrenton begin skoolhou. Daardie jare was dit in die Kaapprovinsie. Vandag is Warrenton in die Noord-Kaap. Ek het in 1994 by Laerskool Mikro begin by 'n gr. 7-klas. Destyds was dit 'n st. 5-klas. Mnr. Gerrit het verder gaan studeer en ek het vir 'n jaar in sy plek afgelos. Aan die einde van die jaar het ek die gr. 5-pos gekry en die res is geskiedenis! Ja, vir dié van julle wat gaan somme maak, ek was 'n leeftyd deel van Mikro se wel en weë. Ek is al op die inventarislys van die skool.

Wat gaan juffrou die meeste mis van Mikro?

Sjoe, dit is so moeilik. Ek kan vir jou 'n hele koerant skryf oor wat ek alles gaan mis. Maar ja, na soveel jare is daar vir seker baie dinge wat ek beslis gaan mis. Die skoolgebou, die gange, my klaskamer, die kinders van die skool... maar die mense binne die gebou, sal my altyd bybly. So baie vriendskapverhoudinge is hier begin en het my gevorm. So baie omgee-mense harte het my gedra deur baie tye. In my lewe het daar baie dinge in hierdie Mikro-tydperk plaasgevind. Baie vreugdes van my kinders se prestasies, troues en later kleinkinders. Klein dingetjies wat gebeur het, wat ek altyd met my kollegas kon deel. Maar ook baie hartseer. Dit was dan ook veral hierdie "daarwees" van almal, my vangnet, wat my aan die hart raak.

Wat beplan juffrou met juffrou se aftrede?

Weet jy, vir eers wil ek nie vreeslik beplan nie. Ek wil sommer net by myself wees. Dit sal so lekker wees om elke dag saam met mnr. Gerrit te wees en dinge saam te kan doen.

Wat was vir juffrou die lekkerste van Mikro?

Ek is so geseën deur Jesus met soveel goeie gesondheid en krag om my ideaal hier by Mikro te kon uitleef. Dit was vir my so spesiaal om elke oggend te kon skool toe kom en dit waarvoor ek lief is, naamlik om met kinders te kan werk, hier te kon uitleef. Om uit te sonder wat vir my die lekkerste was, is bykans nie moontlik nie. Daar was so baie lekker dinge en so baie ongelooflike ervaringe. Ervaringe waarna ek met goeie herinneringe kan terug dink.

Kan juffrou vir ons iets snaaks vertel wat met juffrou by Mikro gebeur het?

Hier by Mikro het ek so baie gelag. Die omstandighede en die mense hier, het dit so maklik gemaak om sommer lekker te kon lag oor snaakse dinge wat gebeur het. Kollegas wat met soveel pret vorendag gekom het met snaakse dinge om die dag op te kikker. Daar was regtig vele geleenthede waar ons sommer net laf was en buite ons normale gang van elke dag, net lekker goed gedoen het, waarvoor ons kan lag. Om vir soveel jare by een skool te wees, het definitief dae opgelewer wat interessant en snaaks was.

Enige stokperdjies wat juffrou nou gaan beoefen?

Ek sal moet gaan sit en prioritiseer wat ek eerste wil doen. Daar is so baie dinge waarin ek belangstel om te doen. Dinge wat ek voorheen gedoen het, en nie meer tyd voor gehad het nie. Ek is baie lief vir kunsnaaldwerk en sal beslis in alle erns daarmee begin. Die maak van fotoboeke vir my kinders, is baie hoog op my lys. Ek kan lees en lees en lees. Gelukkig is dit iets wat ek deurgaans kon doen terwyl ek gewerk het, maar nou kan ek lees tot ek nie verder kan nie, want ek hoef nie in die oggend vroeg op te staan nie.

Wat is die top vyf goed op juffrou se "Bucket List"?

Ek het elke dag daarna gestreef om voluit te leef. Een van my slagspreuke in my lewe, is om elke dag te leef asof dit die laaste dag gaan wees. Dus het ek verskriklik baie dinge wat ek graag wil doen, wat ek nie kon doen terwyl ek gewerk het nie. Daar is tog dinge wat aan tyd gekoppel is wat ek nog nie kon doen nie. Die eerste een wat ek baie graag sal wil doen is om vir 'n minimum tydperk van drie maande by my kinders in Amerika in die staat Kentucky, te gaan bly. Ek wil dan elke dag saam met my kleinseun en kleindogter die dinge doen en ervaar waarmee hulle besig is. Om hulle skole by te woon en die aktiwiteite waarmee hulle besig is, te sien en te beleef, sal vir my baie spesiaal wees. Een van die dinge wat ek graag sal wil doen is om op Hartenbos te kan agterbly wanneer die skole moet begin. Daardie oppak aan die einde van 'n vakansie was altyd vir my die slegste. Ek wil nou 'n bietjie by die see bly as al die werkendes moet terugkeer na hulle tuistes vir 'n nuwe jaar se begin. Natuurlik wil ek ook graag die Camino gaan stap. Dit bly nog een van my drome. Ek wil dit egter baie rustig doen en wil by al die dorpies gaan rondhang. Ek wil dit nie afjaag omdat ek weer moet terug wees nie. Om sommer net my koffiemandjie te vat en die dag in te ry. Te stop waar ons wil en die natuur te geniet. En as ek tyd het... ons huis 'n bietjie op te ruim. Jare se opgaargoed maak die huis baie vol. Om te laat gaan is een van die moeilikste goed vir my.

Enige verborge talente waarvan ons nie geweet het nie?

Weet ons ooit alles van iemand? Ek het soveel geleenthede gahad om my talente by Mikro uit te leef. Swem was my hoofsport waaraan ek deelgeneem het. Ek het gespesialiseer in Liggaamlike Oefening tydens my studiejare. Alhoewel ek nie meer so intens betrokke was by die afrigting van sport nie, was en is dit nog altyd een van my belangstellings. Tydens my beginjare in die onderwys (Warrenton) het ek swem ook afgerig. Verder was ek van die begin af baie betrokke by die afrigting van netbal. Ek het ook vir 'n paar jaar O/13 streekspanne afgerig. Die jaar waarin ek by Mikro begin het het ek O/11 krieket afgerig. Die hardebal-krieket het menige aande gesorg vir seer hande. Tydens my beginjare
(Warrenton) was ek verantwoordelik vir die begeleiding van die juniors se slagorkes. Ek het klavier- en blokfluitlesse geneem vanaf st. 2 tot in my derde jaar in kollege. Behalwe om te swem is ek baie lief vir tennis. In my beginjare het ek tennis gespeel vir die dorp se tennisspan. Dit was voordat ons Kuilsrivier toe verhuis het.

Laaste woorde uit juffrou se hart vir Mikro.

Om op te pak na soveel jare, is vir seker die moeilikste deel van my skoolloopbaan hier by Mikro. Terwyl ek so uithaal en weggooi, speel baie jare se gebeure voor my af. Ek blaai deur my papiere en gaan deur kaste en lêers. Vele vreugdes en suksesse kom weer na vore en ek beleef weer oomblikke. In die hele proses raak ek stil en weet ek vir seker dat Jesus se genade en liefde so groot is en nog altyd was in my lewe. Op geen manier sou ek kon staande bly deur baie krisisse en uitdagende tye, as dit nie vir sy nabyheid en teenwoordigheid in my lewe was nie.

Dus wil ek net afsluit met 'n groot dankbaarheid in my hart. Dankbaar teenoor so baie persone wat 'n rol gespeel het in, en 'n impak gehad het op my lewe. Kollegas sonder wie ek nooit hierdie Mikro-pad sou kon, of wou stap nie. Dankbaar vir elke kind wat iewers in hierdie tydperk in een van my klasse gesit het. Sonder die kinders van Mikro, sou ek nie 'n werk gehad het nie. Dankbaar vir elke dag wat ek 'n verskil kon gemaak het in 'n kind se lewe, maar veral dankbaar teenoor ons Hemelse Vader wat my geseën het met die gesondheid om my taak hier by my Mikro te kon volbring.

1993 - 2020

– deur Marion Conradie

JUF. CELIA KEYSER

Tree af!

Gr. 3.4

– deur Emma Smith

Hoeveel jaar gee juffrou al onderwys, en hoeveel daarvan was by Laerskool Mikro?
Ek gee al 27 jaar onderwys, waarvan 13 jaar by Laerskool Mikro is.

As juffrou weer `n loopbaan kon kies sou juffrou weer onderwys kies?
O ja, beslis! Die onderwys is my lewe!

Is daar een spesifieke skooljaar wat juffrou koester? Hoekom?
Elke jaar wat ek skoolgehou het was besonders, met pragtige kinders in my klas en wonderlike kollegas. 'n Jaar wat ek egter baie goed onthou, is toe ek op Montagu skoolgehou het en die dorp deur 'n vloed getref is. Ek het byna weggespoel toe ek met my motor oor 'n brug gery het! Vanjaar is natuurlik ook 'n vreemde jaar.

Het juffrou enige raad vir juffrou se opvolger?
Geen twee dae in jou klas is dieselfde nie. Pak elke dag met entoesiasme aan en geniet elke oomblik daarvan! Onthou, elke leerder in jou klas is uniek en party is ook glad nie engeltjies nie... Vergeet van die dae wat jy probleme ondervind het en laat niks jou onderkry nie! Mag jy baie gelukkig wees by Laerskool Mikro.

Watter spesiale oomblikke sal juffrou altyd onthou van Laerskool Mikro?
Al die lekker aktiwiteite wat die personeel saam gedoen het en ook fondsinsamelings waar die hele skool betrokke was, soos die Colour Run. Ek onthou natuurlik ook elke spesiale leerder wat deur die jare in my klas was. Die onderrig in die klas is ook altyd vir my spesiaal.

Het juffrou enige planne vir na juffrou se aftrede?
Ek het nie spesifieke planne nie. Ek wil baie graag by my dogter en haar man in Pietermaritzburg gaan kuier net wanneer ek lus het en dink ook daaraan om ekstra klasse te gee. Ek sal graag ook nog al die mooi plekke in ons land (en dalk oorsee) wil besoek.

Is daar enigiets wat juffrou wens juffrou anders gedoen het gedurende juffrou se loopbaan?
Nee wat, ek dink ek sou dit alles weer net so gedoen het. Ek kan net nie glo dat die jare so vinnig verby gegaan het nie.

Het juffrou 'n laaste boodskap vir Laerskool Mikro se personeel, leerders en ouers?
Laerskool Mikro se leerders, personeel en ouers sal altyd 'n baie spesiale plek in my hart hê en ek gaan almal baie mis! Laerskool Mikro is 'n wonderlike skool met fantastiese mense en ek was altyd trots om te sê ek hou skool by Mikro. Ek wens almal nog baie vreugdevolle jare by Mikro toe! MIKRO IS TOPS!

2009 - 2020

Ons groet ook die volgende juffrouens aan die einde van 2020: Suzanne du Plessis & Nericha Nortjé.



MIKRO BABAS

Zander Boshoff

24 - 01 - 2020

Carlie Conradie

10 - 02 - 2020

Wian Wichers

17 - 07 - 2020

Fleur Marie Vermeulen

25 - 09 - 2020

Ben-Louis Lamprecht

06 - 10 - 2020

Kuns

Kayla Arendse

Mieke van Zyl

Juandré Claassen

Carla Pretorius

Ruwayne Isaaks



Hein van Niekerk

Arno du Plessis

Lielah Albertyn

Christiaan Steenkamp